NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

VISUELE KUNSTE: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur | 100 punte

LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. **BEANTWOORD AL VYF VRAE.**

3. Lees elke vraag sorgvuldig deur voordat jy jou antwoord formuleer.

4. Skryf netjies en op 'n duidelike en gestruktureerde wyse; gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. **Geen punte** sal toegeken word vir lyste van feite of diagramme nie.

5. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

6. Onderstreep die name van <u>kunstenaars</u> en <u>kunswerke</u>.

7. Jy mag nie na die visuele bronne wat in een vraag genoem is in enige ander van die vrae verwys nie.

8. Moet nie inligting herhaal nie. **Geen punte** sal vir dieselfde inligting wat in 'n ander vraag gebruik is, toegeken word nie.

9. Waar 'n vraag **EN / OF** bevat, mag jy **EEN** aspek of **ALMAL** van die genoemde kriteria bespreek.

10. **LET ASSEBLIEF OP:** Gebruik ***45 minute tot 'n uur*** van jou tyd om **Vraag 5** te beantwoord.

11. Antwoorde moet in die Antwoordboek wat verskaf is, voltooi word.

12. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

IEB Copyright © 2020

BLADSY DOELBEWUS OOPGELAAT

IEB Copyright © 2020

VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID

Bestudeer **Afbeeldings A**, **B** en **C**, lees die meegaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

Gebruik **Afbeeldings A**, **B** en **C SLEGS** vir VRAAG 1.

Afbeelding A Sethembile Msezane ***Manifestation of Self*** 2015 Installasie **1**	**Afbeelding B** Sethembile Msezane ***Manifestation of Self*** (detail) 2015 Foto van installasie in Afbeelding A **2**

Afbeelding A

In *Manifestation of Self*, het Sethembile Msezane 'n antieke spieëlkas en spieël, hare en foto's gebruik om 'n installasie te skep wat private ruimtes uitbeeld. Sy is van mening dat hierdie ruimtes deel van ons persoonlike identiteite is. Deur haar keuse van meubels maak sy die kyker bewus van die wisselwerking tussen openbare en private domeine.

3

Afbeelding C

Njideka Akunyili Crosby

The Beautyful Ones, Series #9

2018

Gemengde media

4

IEB Copyright © 2020

Afbeelding C

In hierdie afbeelding gebruik Njideka Akunyili Crosby lae verf, kleurpotlode, houtskool, oordrukprente en collage op papier. Sy het "beautyful" in die titel doelbewus verkeerd gespel as verwysing na die roman, *The Beautyful Ones are not yet Born,* deur die Ghanese skrywer Ayi Kwei Armah.

Crosby behandel die kompleksiteit van persoonlike, kulturele, historiese en politieke invloede op mense soos "The Beautyful Ones".

Die subjekte is anoniem en daar is 'n aanduiding dat hul toekoms nog ongeskryf is.

4

1.1 Verduidelik hoe Sethembile Msezane medium en werkswyse gebruik het om betekenis in Afbeelding A te skep. Jy kan ook in jou antwoord na die detail (Afbeelding B) verwys. (3)

1.2 Identifiseer en bespreek kortliks die rol wat die elemente van vorm en tekstuur speel om visuele belangstelling te skep. Verwys na afbeeldings A, B en C. (4)

1.3 Ontleed hoe Akunyili Crosby die onderwerp en visuele elemente gebruik het om die oorvleueling van verskillende kulture in Afbeelding C te toon. (4)

1.4 Vergelyk en kontrasteer die gebruik van die subjekte se starende blik om die kunstenaars se ervarings as vrouens in afbeeldings A, B en C uit te druk. (4)

[15]

VRAAG 2 TWINTIGSTE-EEUSE KUNS VAN DADA TOT DIE 1970's, KONSEPTUELE KUNS UITGESLUIT

Bestudeer **Afbeelding D**, lees die meegaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

Afbeelding D Käthe Kollwitz ***Mothers*** 1919 Litograaf **5**	Oorlog verander die wêreld. Dit word regstreeks deur kunstenaars en die gemeenskappe waarin hulle dwarsdeur die twintigste eeu gewerk het, weerspieël. Oorloë sluit die Eerste en Tweede Wêreldoorloë, die Koue Oorlog, die Viëtnam Oorlog en etlike ander in.

2.1 Kies EEN werk uit 'n Kunsbeweging wat tussen die begin van die Eerste Wêreldoorlog (1914) en die begin van die Tweede Wêreldoorlog (1939) voorgekom het en EEN werk uit 'n Kunsbeweging ná die Tweede Wêreldoorlog (1945) wat albei die invloed van oorlog weerspieël.

Vir elk van die **TWEE** gekose kunswerke, skryf die naam van die kunstenaar, die titel van die kunswerk, werkswyse en 'n kort beskrywing van die kunswerk neer. Sê watter spesifieke oorlog elke werk beïnvloed het. (6)

2.2 Vir elke gekose kunswerk, ontleed die manier waarop oorlog in die onderwerp weerspieël is, die werkswyse **EN / OF** metodes van die kunstenaar. (6)

2.3 Dink jy enigeen van hierdie werke sou geskep geword het indien geen oorloë uitgebreek het nie? Verwys na een voorbeeld om jou antwoord te motiveer. (3)

[15]

IEB Copyright © 2020

VRAAG 3 KONSEPTUELE EN KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE KUNS

Bestudeer **Afbeelding E**, lees die meegaande teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

Afbeelding E

Rubem Robierb

Climate Meltdown

2019

Ys

Die Brasiliaanse kunstenaar Rubem Robierb het 'n smeltende ys-beeldhouwerk geskep wat geïnspireer is deur die klimaatnoodtoespraak wat Greta Thunberg, die 16-jarige Sweedse omgewingsaktivis, by die Verenigde Nasies gelewer het. Die woorde "How Dare You" wat uit twee ton ys gebeitel is en oor 11 meter strek, het op die swembad by die Shore Club South Beach gedryf voordat dit gesmelt het. Die doel, sê die kunstenaar, was om die ou leefstelsels wat frustrerend vir 'n jonger geslag is, te konfronteer. Hierdie kunswerk het slegs agt ure gehou.

6

3.1 Kies een Kontemporêre Internasionale kunswerk wat kenmerke van nie-permanensie het en een wat 'n permanente vorm het. Vir elk van die TWEE gekose kunswerke, skryf die naam van die kunstenaar, die titel van die werk en kort beskrywing wat die werkswyse insluit, neer. (4)

3.2 Vergelyk en kontrasteer hoe die werkswyse **EN / OF** medium bydra om die konsep van elke werk doeltreffend te kommunikeer. (10)

3.3 Motiveer in watter mate die relatiewe permanensie of nie-permanensie van elk van hierdie werke "ou leefstelsels" uitdaag. (6)

[20]

VRAAG 4 WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE APARTHEIDSERA

Lees die teks hier onder, bestudeer **Afbeelding F** en beantwoord dan die vrae wat volg.

Separate and Unequal is die titel van 'n opstel wat alledaagse beelde in Weerstandskuns ondersoek. Hoe die … "behandeling van alledaagse temas ongelykheid weerspieël of meningsverskil uitdruk, implisiet en ook eksplisiet. Dit beklemtoon sommige van die alledaagse temas en kwessies wat kunstenaars besluit om uit te beeld en hoe hulle hul na 'n diverse woordeskat gewend het om die alledaagse lewe voor te stel … om wat soms baie moeilike onderwerpe is, aan te pak."

Sipho Mdanda

8

Afbeelding F

Santu Mofokeng

Chief More's Funeral, GaMogopa

1989

Foto

IEB Copyright © 2020

4.1 Verwys na Afbeelding F. Verduidelik hoe alledaagse beelde ook gelees kan word as protes teen apartheidsbeleide. (2)

4.2 Kies TWEE relevante **Suid-Afrikaanse Weerstandskunswerke** deur twee *verskillende* kunstenaars wat alledaagse onderwerpe in hul kuns gebruik het om teen die apartheidsregering protes aan te teken.

Vir ELK van die TWEE gekose Suid-Afrikaanse kunswerke, verskaf die naam van die kunstenaar en die titel van die kunswerk, die werkswyse en 'n kort beskrywing. (4)

4.3 Ontleed ALBEI kunswerke formeel en konseptueel om te demonstreer hoe die kunstenaar alledaagse onderwerpe in 'n protes teen apartheid omskep het. (8)

4.4 In 'n vergelykende ontleding, formuleer hoe EEN van jou gekose kunstenaars EN Santu Mofokeng (Afbeelding F) die kyker uitnooi om hul eie ervaring van mag en bevoorregting te ondersoek deur die gebruik van alledaagse beelde. (6)

[20]

VRAAG 5 KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE KUNS (POST-1994)

Kyk na **Afbeelding G** hier onder, lees die meegaande teks en skryf 'n opstel in reaksie daarop.




Afbeelding G Zanele Muholi ***Somnyama Ngonyama, Hail the Dark Lioness*** (reeks) ***Ntozakhe II, Parktown*** 2016 ***Somnyama IV, Oslo*** 2015 ***Bester I, Mayotte***, 2015 Foto's **9**	Die aktivis, Zanele Muholi, se foto's is duidelik bedoel om mense aan te moedig om dapper genoeg te wees om ruimtes te beset, dapper genoeg om sonder vrees te skep. Sy wil mense leer om weer te dink waaroor geskiedenis gaan, om dit vir hulleself terug te eis, om mense aan te moedig om kuns-instrumente soos kameras te gebruik om konflik teen te werk. **10**

Skryf 'n opstel van ongeveer VIER bladsye waarin jy evalueer in watter mate konflik as 'n katalisator optree vir die produksie van kunswerke, en of kunstenaars kuns skep ten spyte van konflik.

Kies **DRIE** Kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars en **EEN** kunswerk deur elke gekose kunstenaar om jou argument te ontwikkel en motiveer. Indien jy 'n spesifieke versameling van 'n kunstenaar se werke bespreek, benoem en beskryf dit duidelik.

(Let asseblief op: Jy kan besluit om Zanele Muholi te bespreek, maar jy mag nie na die kunswerke hier bo verwys nie.)

Puntetoekenning vir Vraag 5	
Drie kunstenaars	6 punte
Drie titels met kort beskrywings van werke	
Relevant feite *(Let asb. op: Skryf 6 feite om 4 punte per bespreking van elke kunswerk te kry.)*	12 punte
Ontwikkeling van argument	12 punte

[30]

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2020

VERWYSINGSLYS

VRAAG 1

1. Afbeelding en teks aangepas uit Design Indaba. 2020. Articles | Design Indaba. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.designindaba.com/articles/creative-work/sethembile-msezane-why-she-uses-her-art-resistance>. [Toegang 20 Januarie 2020].
2. Afbeelding aangepas uit Sethembile Msezane. 2020. Sethembile Msezane [AANLYN] Beskikbaar by: <http://www.sethembile-msezane.com>. [Toegang 15 Maart 2020].
3. Teks aangepas uit IAM – Intense Art Magazine. 2020. Sethembile Msezane: Kwasuka Sukela: Re-imagined Bodies of a (South African) 90s Born Woman – IAM – Intense Art Magazine. [AANLYN] Beskikbaar by: <http://www.iam-africa.com/sethembile-msezane-kwasuka-sukela/>. [Toegang 10 Februarie 2020].
4. Teks en afbeelding aangepas uit Victoria Miro. 2020. Njideka Akunyili Crosby: "The Beautyful Ones" | Victoria Miro. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.victoria-miro.com/exhibitions/537/>. [Toegang 27 Februarie 2020].

VRAAG 2

5. Afbeelding geneem uit <www.metmuseum.org>. 2020. No page title. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.metmuseum.org/blogs/now-at-the-met/2017/world-war-i-and-the-visual-arts-introduction>. [Toegang 19 Februarie 2020].

VRAAG 3

6. Teks en afbeelding aangepas uit *The Guardian*. 2020. 'The idea is that art can help': how Art Basel Miami tackled the climate crisis | Art and design | **The Guardian**. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.theguardian.com/artanddesign/2019/dec/10/art-basel-miami-climate-crisis>. [Toegang 24 Januarie 2020].

VRAAG 4

7. Afbeelding uit *The Guardian*. 2020. South African photographer Santu Mofokeng – in pictures | Culture | The Guardian. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.theguardian.com/culture/gallery/2020/feb/04/south-african-photographer-santu-mofokeng-in-pictures>. [Toegang 12 Februarie 2020].
8. Teks aangepas uit Pissarra, M Ed, (2011). Visual Century, South African Art in Context, Volume 3, Wits University Press. [Toegang 27 Februarie 2020].

VRAAG 5

9. Foto geneem van Zanele Muholi: Somnyama Ngonyama, Hail the Dark Lioness – Besoek Nottinghamshire. 2020. [AANLYN] Beskikbaar by: <https://www.visit-nottinghamshire.co.uk/whats-on/zanele-muholi-somnyama-ngonyama-hail-the-dark-lioness-p735981>. [Toegang 14 Maart 2020].
10. Teks aangepas uit Williamson S. (2009). South African Art Now, New York, Harper Collins [Toegang 28 Februarie 2020].

IEB Copyright © 2020